

DIE STAPPE NA BEOORDELAAR

Stel jou provinsiale beoordelaarsameroeper in kennis dat jy graag die beoordelaarseksamen wil aflê. Sys al reël dat jy opleiding ontvang deur 'n opgeleide persoon.

Wat behels hierdie opleiding?

1. Dit strek oor minstens twee dae en teorie- sowel as praktiese opleiding word gegee. Teorie-opleiding dek jou teorievraestel. Teoriewerk word uit die Handleiding vir Tentoonstellers en Beoordelaars geleer.

Die praktiese opleiding behels:

- (a) Dat jy fisies die artikels/kledingstukke leer beoordeel
 - die bewoording wat jy gebruik
 - die stelselmatige beoordeling van die artikels.
 - (b) Na afloop van die opleiding sal die kursusaanbieder 'n vorm teken wat bevestig dat jy die teorie- sowel as die praktiese opleiding ontvang het. Hierdie vorm moet jou Aansoek om Eksamen te Skryf, vergesel. Sy al ook ses ander blanke strokies aan jou oorhandig.
2. Die plek van opleiding word so na aan jou as moontlik bepaal. Sou daar 'n paar kandidate wees, word die opleiding op 'n sentrale plek aangebied.
 3. Die kostes daaraan verbonde word bepaal deur die plek van opleiding, wie die opleiding aanbied (gewoonlik vra die persoon net vergoeding vir haar brandstofuitgawes).
 4. Nadat jy die opleiding ontvang het, kan jy jou TEORIE-eksamen aflê.
 5. Om jou PRAKTIESE eksamen af te lê, moet jy SES strokies hê wat deur 'n gekwalifiseerde beoordelaar voltooi en geteken is.
 6. Die voltooide en getekende strokies bekom jy deur ses keer in te sit by die beoordeling van artikels/kledingstukke. Jy beoordeel nie self nie.
 7. Reël met die verskillende streekbeoordelaarsameroepsters om in te sit wanneer hul streek se artikels beoordeel word. 'n Mini-skou kan ook gereël word. Reël dan met 'n gekwalifiseerde beoordelaar om dit te beoordeel. Daar moet ten minste 10 artikels wees in die afdeling waarin jy wil kwalifiseer.
 8. Wanneer jy dié ses voltooide en getekende strokes het, mag jy jou praktiese eksamen aflê.

Om op te som:

- ▶ Vir jou TEORIE-eksamen het jy net die vorm wat deur die kursusaanbieder geteken is, nodig en moet jy die spesifieke afdeling in die handleiding ken.
- ▶ Vir jou PRAKTIESE eksamen het jy nodig:
 - Die vorm geteken deur die kursusaanbieder
 - Die ses voltooide en getekende strokies

- 'n Lêer (soos hieronder). Dié lêer moet voor die praktiese eksamen by die provinsiale beoordelaarsameroeper ingehandig word

9. Die lêer moet die volgende bevat :

- Die vorm dat jy opleiding ontvang het
- Die ses voltooide strokies dat jy by beoordeling ingesit het
- Beoordelaarskommentaarstrokies van artikels wat jy gemaak het in die spesifieke afdeling waarin jy eksamen gaan skryf. Die hoeveelheid kommentaarstrokies verskil van afdeling tot afdeling.
Doen navraag by my.

10. EKSAMENS

- (a) Aansoeke vir die aflê van die eksamens moet voor die einde van April by die provinsiale beoordelaarsameroeper wees. Vorms is by laasgenoemde beskikbaar.
- (b) Eksamens word gedurende die eerste week van Junie geskryf.
- (c) Koste is tans R140 per vraestel.
- (d) Slaagsyfer is 60% vir teorie en 65% vir prakties.
- (e) Teorie-eksamen se vraestel word na 'n geloofwaardige persoon in jou dorp gepos en reëlings met hom/haar getref waar die vraestel geskryf gaan word.
Vrae kom uit die Handleiding vir Tentoonstellers en Beoordelaars.
- (f) Praktiese eksamens word by hoofkantoor in Pretoria afgelê.
- (g) Vraestelle is drie ure lank.
- (h) Teorie-vraestelle word vanaf 09:00 tot 12:00 geskryf, praktiese vraestelle vanaf 14:00 tot 17:00.
- (i) Teorie- en praktiese vraestelle kan op dieselfde dag geskryf word, mits aan alle vereistes vir die aflê van die praktiese eksamen voldoen word.
- (j) Kandidate word ± 'n maand ná die eksamens per brief van die uitslae verwittig.
- (k) Drie jaar nadat jy jou teorie-eksamen afgelê het, MOET jy jou praktiese eksamen Aflê. Dit gee jou voldoende geleentheid om die ses strokies te bekom en die vereiste aantal artikels te maak en te laat beoordeel.

NEEM ASB KENNIS DAT JY NIE 'N BEOORDEEL IS AS JY DIE BEOORDELAARSKURSUS GEHAD HET NIE, MAAR EERS AS JY JOU DIPLOMA HET!

Skakel my asb vir verdere navrae en as jy belangstel om 'n beoordelaar te word.

Tjoekie Nel
Provinsiale Beoordelaarsameroeper
0825694103